# Gift wys hakskene vir groot name in Frankryk

**Wim Pretorius**

Sy tyd van 10.37 sekondes lyk op die oog af dalk middelmatig, maar Gift Leotlela moes Sondag 'n sterk wind van voor (-2.5 m/s) trotseer om verskeie van die wêreld se voorste atlete in Sotteville-lès-Rouen, Frankryk, te troef.

Dit was die laaste ronde van Wêreldatletiek se kontinentale reeks voordat die aandag na Japan vir die Tokio-Spele verskuif en Leotlela sal beslis selfvertroue uit sy vertoning in die 100 m put.

Michael Rodgers van Amerika was baas in 10.33, met Leotlela wat in die tweede plek vir onder andere die ander Amerikaners, Marvin Bracy en Isiah Young, sowel as die Franse Jimmy Vicaut en Mouhamadou Fall, hakskene gewys het.

Bracy en Leotlela het amptelik dieselfde tyd gehad, maar die Suid-Afrikaner het net 'n aks voor Bracy die wenstreep oorgesteek.

Vicaut was vierde in 10.41, Young vyfde in 10.42 en Fall sewende in 10.55.

Bracy beklee tans die derde plek op die wêreldranglys met 'n beste tyd van 9.85 in 2021, met Young sesde in 9.89.

■ Dit was dalk 'n byeenkoms wat deur die Italianers aangebied is, maar dit was die Suid-Afrikaners wat die naweek in Codroipo sake by die ASD Atletica 2000-byeenkoms oorheers het.

Suid-Afrika het met nie minder nie as 15 podiumplekke uitgeblink.

Antonio Alkana was een van twee lede van die Suid-Afrikaanse Spele-span wat daar deelgeneem het. Hy was in die 110 m-hekkies in 14.05 sekondes baas en boonop vierde in die 100 in 10.65.

Chederick van Wyk het die 100 in 10.33 gewen, met Nicholas Ferns wat in




Gift Leotlela

Van Wyk en Ferns was in die 200 weer op die podium nadat hulle onderskeidelik goud (20.83) en brons (20.99) verower het.

Die louere in die 400 het ook aan die Suid-Afrikaners behoort. Lindukuhle Gora het die wenstreep eerste in 46.34 oorgesteek, met Lythe Pillay, wat deel van die 4x400-aflosgroep vir die Spele is, naasbeste in 46.43. Marco van der Walt het algeheel negende in 50.61 geëindig.

Charlize Eilerd het 'n teenwind van -1.3 m/s trotseer om haar 100-wedloop in 12.00 te wen. Mila Compaan het net-net langs die podium gestaan met haar vierde plek in 12.35, waarna sy die bronsmedalje verower het in die 200 in 25.22.

Vier van voorste vyf plekke in die 400 het ook aan die besoekers van Afrika behoort. Deline Mpiti was eerste in 53.95, met Angelique Strijdom tweede in 55.77. Amy Naudé (56.46) en Eilerd (59.71) het onderskeidelik vierde en vyfde klaargemaak. Taylon Bieldt het in die 100-hekkies in 13.33 geseëvier, terwyl Marioné Fourie derde in 13.65 was.

Zenéy van der Walt, wat in 2017 die o.18-wêreldkroon verower het en dit in 2018 met die o.20-wêreldtitel opgevolg het, se 55.89 in die 400-hekkies het aan haar 'n gemaklike oorwinning besorg, terwyl Gezelle Magerman silwer in 56.86